DJ Farmer - Word deel van 'n unieke konsep

Breek jou spaarvarkie en koop 'n aandeel in 'n jagplaas!

Deur André van Dyk

Ek het al 'n paar keer langs 'n vuurtjie in die jagveld gesit en droom, elke jagter doen dit seker. My drome gaan gewoonlik oor 'n plaas, 'n grote met my as die baas. Ek het al pennies en sente en alles wat waarde het omgedraai en die spaarvarkie al 'n paar keer oopgebreek, maar finansieel het dit nog nooit uitgewerk nie. Die "rooikant" van die somme was altyd baie groter as die "swartkant". Wanneer die laaste kole vaak gegloei het, het ek altyd tot die slotsom gekom dat ek verseker nie die enigste jagter is met die besonderse delima nie en dan maar gaan slaap.

Nou is daar darem so bietjie hoop vir jagters wat wel so ietsie in hul spaar varkies het (Dws as hulle nie die vorige jaar teveel gejag het nie), DJ Farmer is 'n promotor en bemarkings- en bestuursmaatskappy van DJ Syndico. Dit is die einste groep wat die deel eienaarskap idee sowat agt jaar gelede aan Suid-Afrikaners bekendgestel het. Wanneer mens aandeel eienaarskap dink, dink jy gewoonlik aan 'n woonstel by die see, maar DJ Farmer het die idee nou ook na die jagters gebring en kan jy 'n deel eienaarskap in 'n jagplaas bekom. Dink daaraan dat indien jy jou spaarvarkie geld reg gebruik jou nageslag jou ewig dankbaar sal wees. Om te belê in grond was nog altyd 'n goeie belegging, om in 'n jagplaas te belê waar jy kan ontspan maak die belegging soveel meer werd.

Die hoofuitvoerende-beampte van DJ Farmer, Fredere de Jager, het vir twee jaar navorsing gedoen oor wildplase voordat hulle die idee bekend gestel het. Elke plaas sal slegs 17 eienaars hê en elk van hulle sal drie weke per jaar die plaas kan besoek. Een van die drie weke sal altyd in die jagseisoen wees en elke eienaar ontvang 'n gratis jagkwota. Die twee weke buite die jagseisoen kan gebruik word om vriende en familie te trakteer. Die weke sal ook jaarliks roteer om almal die maksimum voordeel van die jagseisoen te gee. Tydens hierdie tydperk sal die eienaar alleen reg op die plaas hê en dit wat dit bied. Elke plaas sal 'n bestuurder hê wat die plaas moet bestuur volgens vooraf uitgewerkte planne waarin die eienaars insae het. Die dag-tot-dag uitgawes sal deur die 17 eienaars gedeel word. Daar word ook beplan om teelboerderye te vestig met buffles en swartwitpense om sodoende vir die eienaars 'n inkomste skep. Buite die jagseisoen sal daar byvoorbeeld ander aktiwiteite soos fietsry, hengel, wildbesigtiging en kwadfietsritte aangebied word. Deeleienaarskap is beskikbaar vanaf R900 000,00 BTW uitgesluit.

Omdat die wêreld se bevolking besig is om te ontplof en beskikbare grond al minder word, veral ongerepte grond, gaan die idee van deeleienaarskap 'n al groter rol in die toekoms speel. Dit is presies waarom sake manne wat finasieel daar toe instaat is maatskappye stig en bosveldgrond koop om dit gesamentlik te benut. DJ Farmer bied nou hierdie geleentheid aan almal asook 'n herverkoopsdiens indien jy jou aandele sou wou verkoop in die toekoms. Die idee gee hoop aan duisende jagters wat net soos ek droom om 'n stukkie bosveld te besit. Of jy oud of jonk is, droom maar, en wie weet miskien kan jou drome waar word deur DJ Farmer.

Bel gerus vir DJ Farmer by **011 675 4332** of besoek hul webwerf **www.djfarmer.co.za**

Met vergunning van Beeld